
VOLKSBLAD, Kollig
15 Sep 2014, p.14

# Australiër gee boek uit oor 21 SA ikone




**Dié foto van Nadine Gordimer in haar tuin in Parktown, Johannesburg, is in 2011 deur Adrian Steirn geneem en in die pragpublikasie *21 Icons South Africa* opgeneem.**

'n KEUR uit die portretstudies wat 'n Australiese natuurlewefotograaf oor drie jaar van bekende en minder bekende Suid-Afrikaners geneem het, is in 'n koffietafelboek gepubliseer.

Adrian Steirn, wat ook 'n rolprentmaker is, sê die lewe van Nelson Mandela was sy inspirasie vir die projek. Dit is 'n poging om die verhale te vertel van Suid-Afrikaanse mans en vroue wat sy nalatenskap uitleef om van die wêreld 'n beter plek te maak.

Steirn het eindelik 21 swart-wit foto's van bekende Suid-Afrikaners vir *21 Icons South Africa* gekies.

Dit was altyd Steirn se wens om oudpres. Nelson Mandela te ontmoet maar almal het gesê dit is onmoontlik. Toe Mandela van die projek hoor, het hy Steirn gekontak met die versoek om die foto's te sien van dié wat hy reeds afgeneem het. Dit was in 2011 en die kans wat Steirn aangegryp het om 'n foto van Mandela by sy lys ikone te voeg.

Van die bekendes in die boek is Mandela, Nadine Gordimer, Hugh Masekela, Desmond Tutu, F.W. de Klerk, George Bizos, Johnny Clegg, Sophie de Bruyn, Gary Player, Ahmed Kathrada, Yvonne Chaka Chaka, Helen Sebidi, Phillip Tobias, Evelina Tshabalala, John Kani en William Kentridge.

Kort dokumentêre prente oor elkeen is ook gemaak en is op die webblad 21icons.com te sien.

Steirn het die boek met die hulp van die kreatiewe regisseur Harriet Pratten saamgestel.

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*